Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

# **Parashah 8:** *Vayish'lach* (וישלח) – En Hy Het Gestuur

*Ya'akov het boodskappers voor hom uitgestuur na sy broer `Esav in die land van Se'ir, die land Edom,...* Gen. 32:3 (PWL Vertaling[1]

**Torah** : **Gen. 32:3 tot 36:43**

- **Efraim moet terugkeer**
- **Gen. 32:24 –** 'n Konfrontasie met die verlede
- **Gen. 32:3 tot 5 –** Jakob die Vredemaker
- **Gen. 33:9 tot 11 –** Oorvloed of alles wat ek nodig het?

**Haftorah: Hosea 11:7 tot 12:12** – Die Verlange van 'n Vaderhart

**B'rit Chadashah: Joh. 1:19 tot 2;12 tot 51**

## Midrash (Torah Bespreking)
### Efraim moet terugkeer!

Verlede week se parashah, *vayetze*, het geëindig met die woorde: *Jakob het ook verder gereis, en die engele van God het hom ontmoet. Toe hy hulle sien, sê Jakob: Dit is 'n leër van God! En hy het die plek Mahanáim genoem* (Gen. 32:1 en 2). *Mahanáim* beteken *twee kampe* en sinspeel op die twee huise van Israel, naamlik die huis van Juda en die huis van Efraim (Israel, Josef).

Die huis van Efraim bestaan uit die afstammelinge van die tien Noordelike stamme van Israel, tesame met die nie-Jode (*gentiles*, onbesnedenes, 'heidene') wat daarby ingelyf is, naamlik ingeplant is op die olyfboom soos Paulus dit in Romeine hoofstuk 11 verduidelik. Daarom kan die Christendom (die

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

kerk) as deel van die hedendaagse Efraimiete beskou word, maar wat hulle Hebreeuse oorsprong en verbintenis vergeet het. Hierdie wedergebore gelowiges in Yeshua moet gedissipel word in hulle Hebreeuse wortels, asook in hulle identiteit en roeping in Yeshua. Die Skrifte leer dat dit Efraim is wat weer in die voetspore van Josef sal stap en ‘n seën vir Juda en die hele Israel sal wees.

Die opdrag van Yeshua is om dissipels (studente volgelinge) van al die nasies te maak, en hulle te doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Afgesonderde Gees, en hulle te leer om alles wat Yeshua beveel het te onderhou (Matt. 28:19 en 20). Die klem van hierdie opdrag is op die onderrig van die dissipels sodat hulle in alles aan Yeshua, die lewende Torah (Woord) gehoorsaam sal wees. Dit gaan dus nie oor die maak van bekeerlinge wat in denominasies onderverdeel word en jaar na jaar met ‘n lepel geestelik gevoed word met die mees basiese dinge van die evangelie nie (Heb. 6:1 tot 3). Nee, dissipels moet geleer word van die Koninkryk van God en van Torah-gehoorsaamheid as geregverdigde in Yeshua, asook van hulle Hebreeuse verbintenis en van die eenwording van die twee huise van Israel, naamlik Juda en Efraim. Alleenlik dan sal Efraim hulle identiteit in Yeshua verstaan en hulle eindtyd roeping kan gehoorsaam.

Die huis van Juda (die Jode) het nog altyd hulle identiteit geken, maar Efraim is nou eers in die proses om hulle identiteit te ontdek en uit te leef. Onthou: Die laaste ding wat Yeshua en Sy dissipels bespreek het, was die herstel van die koninkryk van Israel.

*Toe hulle saam met Hom was, vra hulle vir Hom en sê: “Ons Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk van Yisra’el herstel?”* (Verwys Jes. 9:5-6). *Hy antwoord hulle: “Dit is nie vir julle om die vasgestelde tye te ken wat die Vader deur Sy eie Outoriteit bepaal het nie,* (Verwys Deut.29:29). *maar wanneer die Gees van Afsondering oor julle kom sal julle krag ontvang en julle sal My getuies wees in Yerushalayim en in die hele Y’hudah en ook in Shomron en tot by die grense van die aarde.*” Hand. 1:6 tot 8 – PWL Vertaling

Hierdie herstel van die koninkryk van Israel sluit die eenwording van die twee huise van Israel in en die vestiging van ‘n koninkryk soos dit onder Dawid was. Tot hierdie profesie vervul sal word moet daar studente volgelinge van Yeshua gemaak word deur hulle YHVH se Koninkryksbeginsels te leer!

Daarom is Jakob se lewe ‘n profetiese padkaart van dit wat elke gelowige (beide huise van Israel) moet deurgaan ten einde hulle geestelike erfenis, naamlik die Koninkryk van God, in besit te kan neem en ‘n bydrae te kan maak om dit hier op aarde te vestig. Eerstens behels dit wedergeboorte wat gepaard gaan met die sterwe van die eie-ek, en tweedens behels dit gehoorsaamheid aan YHVH se Torah wat gepaard gaan met ‘n onwankelbare vertroue in Vader-God se beskerming en voorsiening.

Sterwe aan die eie-ek behels die aflegging van my wil, my denke en my emosies en die vervanging daarvan met die wil, denke en emosies van Vader-God. Torah-gehoorsaamheid is die bereidwilligheid om onderrig te word in die geregtigheid van YHVH. ‘n Onwankelbare vertroue in Vader-God se beskerming en voorsiening behels die aflegging van my eie pogings en planne om dit te bereik wat vir my belangrik is en slegs te strewe na dit wat vir Vader-God prioriteit is.

Die Koninkryk van God moet eerstens in my gevestig word (Luk. 17:20 en 21; Matt. 6:33), alvorens ek ‘n bydrae kan maak om dit hier op aarde te vestig. Elke gelowige in Yeshua Messias moet ‘n ‘mikrokosmos’ van YHVH se Koninkryk wees!

Beide die kruisiging van die eie-ek, gehoorsaamheid en ‘n onwankelbare vertroue in Vader-God se beskerming en voorsiening, is die uitleef van die verbondverhouding. Om in ‘n verbondverhouding te staan beteken om alle fokus van jouself af te haal en dit te plaas op jou verbondvennoot. In Yeshua Messias is YHVH my verbondvennoot en daarom moet my hele lewensbestaan gefokus wees op YHVH se wil, denke, emosie en begeertes. Dit is ‘n bereidwilligheid om alles wat ek het, en alles wat ek is, terwille van my verbondvennoot prys te gee! Paulus som dit soos volg op:

*Daarom smeek ek julle, my broers, deur die guns van God, dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.* Rom. 12:1 en 2

Die feit dat Efraim vandag terugkeer tot vertroue in Yeshua wat met Torah-gehoorsaamheid gepaard gaan, is vervulling van eindtyd profesie van eenwording van die twee huise van Israel. Dit is die proses van versoening en vrede tussen die huis van Juda en die huis van Efraim.

**Bepeins of Bespreek**

1. Verwysend na die opdrag in Matt. 28:19 en 20 is die vraag: *Waar lees ons dat Yeshua Sy volgelinge geleer dat die Shabbat opgehef is*?

## Gen. 32:24 – ‘n Konfrontasie met die verlede

Jakob moes volgens die belofte teruggaan na die woonplek van sy Vader, die land Kanaän. Maar hy was as te ware vasgevang tussen Laban (Babilon) vir wie hy gevlug het en Esau wat hom verhinder het om Kanaän binne te gaan. Hierdie is profeties van wat jare later met die nageslag van Jakob ook sou gebeur, naamlik dat hulle vasgekeer sou word tussen die Egiptiese leermagte en die Rooisee. Beide Jakob en Israel moes eers die punt bereik waar hulle redding en oorwinning alleenlik deur die kragtige hand van YHVH moontlik was.

Jakob moes in konfrontasie met sy verlede (met Esau) kom en oorwinning behaal sodat hy kon terugkeer na die Beloofde Land! So ook moes Israel in konfrontasie met hulle verlede (met Egipte) kom en deur die reddende hand van YHVH oorwinning kry alvorens hulle die tog na Kanaän kon aanpak. En so moet elkeen van ons ook in konfrontasie met ons verlede kom en op YHVH Yeshua vertrou om ons te verlos van dit wat ons verhinder om die beloftes in besit te neem. Ons worsteling met die verlede is dikwels om mense te vergewe vir wat hulle aan ons gedoen het, asook om restitusie (teruggawe, vergoeding en herstel) te doen vir dit wat ons aan ander gedoen het. Dikwels is die worsteling ook om onsself te vergewe!

Elkeen word wedergebore as `n geestelike baba. Elkeen is `n nuwe mens met ‘n nuwe identiteit in Yeshua, maar met `n ou verlede. Daarom kan daar dinge (bindinge) in die verlede wees wat verhinder dat ons geestelike volwassenheid bereik en `n lewe van oorwinning in Yeshua leef. Soos Jakob, moet ons elkeen ook in konfrontasie met ons verlede kom – ‘n konfrontasie met onsself, ‘n konfrontasie met ons probleme (bindinge) en ‘n konfrontasie met ons God.

Hierdie konfrontasie met ons verlede is dikwels ‘n worstelstryd waar ons deur eie pogings probeer om die oorwinning te behaal. Ons maak planne en soek hulp hoe om die negatiewe van ons verlede te oorwin, maar dit is wanneer ons alleen is wanneer die worstelstryd in felheid woed. Dit is dan wanneer ons in die donkerte van ons verlede worstel tot dagbreek toe – ‘n worsteling met YHVH en met dit wat mense aan ons gedoen het en dikwels ook wat ons aan mense gedoen het (Gen. 32:28).

*Maar Jakob het alleen agtergebly, en ‘n Man het met hom geworstel tot dagbreek.* Gen. 32:24

Hierdie worstelstryd is dikwels ‘n worsteling tussen eie wil en YHVH se wil, of tussen eie voorwaardes en die van YHVH. Dit is dan wanneer eiesinnigheid op die ‘heupbeen’ geslaan word sodat dit uit lit kan raak (Gen. 32:25) – geknak en laat vaar kan word. Dit is die kruisiging van die ou mens (Rom. 6:6) en die opstanding van die nuwe mens in Yeshua – die ou dinge (die ou orde) het verbygegaan en alles het nuut geword (2 Kor. 5:17).

Wat nou oorbly is om YHVH Yeshua vas te gryp en te sê: *Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën* (Gen. 32:26)! Dit is dan wanneer die son vir ons opgaan (Gen. 32:31) en wanneer ons in die Lig die toekoms met vertroue en totale afhanklikheid van YHVH kan instap – mank, maar vry van die donkerte van die verlede! Alleenlik dan kan ons as vrygemaaktes volgens ons nuwe identiteit in Yeshua leef!

**Bepeins of Bespreek**

1. Die naam Jakob verteenwoordig Jakob se ou aard voor sy worstelstryd en die naam Israel sy aard na sy worstelstryd en ontmoeting met YHVH Yeshua. 'n Ware ontmoeting met YHVH is 'n lewensveranderde ondervinding – selfs 'n identiteitsverandering?! Volgens Hebreeuse denke word hierdie naamsverandering soos volg verduidelik: *No longer shall you be called Yaakov, because they will no longer say that the blessings came to you by means of trickery and deceit. You shall be called Yisrael, because you have been publicly authorized to receive the blessing.* (Rashi).

2. Vergelyk Jakob se ontmoeting met YHVH soos dit in Gen. 28:11 tot 22 beskryf word (parashah 7) met sy worstelstryd in hierdie parashah (Gen. 32:24 tot 32). Is die eerste vergelykbaar met wedergeboorte (Joh. 3:3) en die tweede met verlossing van die siel (eie-wil, denke en begeertes – 1 Pet. 1:9)?

**Gen. 32:3 tot 5 – Jakob die Vredemaker**

*Ya'akov het boodskappers voor hom uitgestuur na sy broer `Esav in die land van Se'ir, die land Edom, en aan hulle bevel gegee en gesê: "So moet julle aan my meester, aan `Esav, sê: 'So sê Ya'akov, u dienskneg; ek het as besoeker gebly by Lavan en daar gebly tot nou toe en ek het beeste, donkies, kleinvee, slawe en slavinne en ek laat weet dit vir my meester sodat ek guns mag vind in u oë.* Gen. 32:3 tot 5 – PWL Vertaling.

Hierdie week se parashah handel ondermeer oor Jakob se begeerte om vrede tussen hom en sy broer Esau te bewerkstellig. Was Jakob 'n vredemaker of 'n vredebewaarder?

Wat is die verskil tussen vredemakers en vredebewaarders? 'n Vredebewaarder is iemand wat die vrede ten alle koste wil bewaar en in die proses bereid is om te kompromeer – toegewings te maak! Vredebewaarders vermy konflik en onaangenaamhede! Terwyl 'n vredemaker is iemand wat 'n middelaar is om versoening (vrede) tussen God en die mens te bewerkstellig sonder enige toegewings (kompromisse) – 'n bereidwilligheid om mense met die waarheid van ware vrede te konfronteer. Vrede met Vader-God is slegs moontlik indien ons die geregtigheid van God in Yeshua is en as geregverdigdes volgens Torah leef. Vredemakers is die kinders van YHVH!

*Hoe uitermate gelukkig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.* Matt. 5:9 – PWL Vertaling

Let daarop: Salig is die vredemakers – nie die veredebewaarders nie! Maar om 'n vredemaker te wees, is dikwels om **onvrede** (vyandskap) tussen mense te bring.

*Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar 'n swaard, want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader en tussen 'n dogter en haar moeder en tussen 'n skoondogter en haar skoonmoeder; en 'n mens se vyande sal die kinders van sy huishouding wees.* Matt. 10:34 tot 36 – PWL Vertaling.

Die wêreldse definisie van vrede is die vryheid van, of die staking van, oorlog of vyandskap of twis tussen mense of volke. Hierdie vrede word deur onderhandeling onder die voorsitterskap van 'n vredemaker bereik en is op grond van toegewings wat beide partye bereid is om te maak. So 'n

vredesooreenkoms is afhanklik van die betroubaarheid en getrouheid van beide partye om vrede te handhaaf. Daarom is dit wankelrige en onbetroubare vrede wat van die wisselvalligheid van mense afhanklik is!! Dit is nie ware vrede nie!

Ware en blywende vrede is alleenlik deur versoening met YHVH-God moontlik! Yeshua is ons Vredemaker, wat ons met YHVH versoen.

*En dit alles is uit Elohiem wat ons met Homself versoen het deur Yahshua die Messias en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat Elohiem in die Messias die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.* 2 Kor. 5:18 en 19 – Woord en Getuienis.

Yeshua is ook die Vredemaker tussen Jood en nie-Jood – die Vredemaker tussen die twee huise van Israel:

*Nou, in Die Gesalfde Een, Yeshua, het julle wat vroeër op 'n afstand was, naby gekom deur die bloed van Die Gesalfde Een, want Hy is ons Vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding vernietig het.* Efes. 2:14 en 15 – PWL Vertaling.

Hierdie vrede tussen YHVH en die mens en tussen Jood en nie-Jood is ware blywende vrede, want dit is nie van mense afhanklik, maar alleenlik van YHVH Yeshua self. Dit is die vrede wat alle verstand te bowe gaan!

*Wees oor niks bekommerd nie, maar maak julle begeertes elke keer deur gebed, versoeke en danksegging by God bekend en die vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed van God, Hy wat ver bo alle kennis en begrip is, sal julle gedagtes, wil, emosie en julle begrip beskerm in eenheid met Yeshua, Die Gesalfde Een.* Fil. 4:6 en 7 – PWL Vertaling.

Hierdie vrede is veel meer as net die beëindiging van vyandskap. Dit is vrede wat alleenlik deur die Hebreeuse woord *shalom* beskryf kan word, naamlik: *die vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed van God*.

Jakob is nie net met YHVH versoen nie (Gen. 32:26 tot 29), maar ook met sy broer Esau (Gen. 33:4). Slegs hierna het Jakob ware vrede (shalom) ervaar. Jakob was 'n vredemaker!

YHVH het ook aan ons die bediening van vredemakers gegee (2 Kor. 5:19). Hierdie is die bediening van 'n krygsman wat bereid is om dit wat skeiding tussen YHVH en die mens maak, asook dit wat Jood en nie-Jood skei te konfronteer met Yeshua as die Redder en met Torah-gehoorsaamheid. Wanneer Yeshua en Torah-gehoorsaamheid een word, sal die twee huise van Israel een in YHVH Yeshua wees. Alleenlik dan kan daar ware shalom-vrede wees!

**Bepeins of Bespreek**

1. Ware vrede in die Midde-Ooste is alleenlik moontlik deur versoening met YHVH en deur versoening tussen Jood en nie-Jood. Uiteindelik is dit wat volgens profesie sal gebeur wanneer alle menslike pogings to vrede misluk het.

   *En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee.* Open. 6:4

   Tot dan is aan ons die taak van vredemakers gegee om soveel moontlik siele met YHVH te versoen en soveel moontlik Jode en nie-Jode met mekaar.

2. Die meerderheid Jode in Israel is sekulêre Jode. Het dit enige heilswaarde om aan hierdie Jode die Christenevangelie van redding in Yeshua **sonder** Torah-gehoorsaamheid te verkondig? Is die wat so ‘n vals evangelie verkondig ware vredemakers?

**Gen. 33:9 tot 11 – Oorvloed of alles wat ek nodig het**

*Hy sê: “Wat is jou bedoeling met al hierdie kampe wat ek teëgekom het?” Hy antwoord: “Om guns te vind in die oë van my meester.”`Esav sê egter: “Ek het oorvloed, my broer! Hou wat jy het vir jouself!” Ya’akov antwoord: “Nee, asseblief, as ek guns in u oë gevind het, ontvang die geskenk uit my hand, want ek het nou u gesig te sien gekry asof ek die gesig van God gesien het en u was tevrede met my. Aanvaar asseblief die seëning van my wat vir u gebring is, want God het my onverdiende guns bewys en ek het alles wat ek nodig het.” Hy het by hom aangehou en hy het dit aanvaar.* (PWL Vertaling)

Esau het gesê: *Ek het oorvloed (baie)* en Jakob het geantwoord: *ek het alles wat ek nodig het*. Met hierdie uitlatings sien ons ‘n belangrike verskil tussen Esau en Jakob. Esau se uitlating van *ek het oorvloed* (baie) bevestig sy wêreldsgesindheid wat ons reeds in die vorige parashah van kennis geneem het. Hoewel hy baie het, wil hy nog meer hê en daarom het hy Jakob se materiële vredesoffer aanvaar. Daarteenoor is Jakob se woorde dat hy alles het wat hy nodig het, bevestiging dat hy tevrede is met wat hy het.

Die vraag kan wel dan gevra word: Wie van die twee was die rykste? Ten opsigte van materiële dinge was Esau waarskynlik die rykste, want hoe meer hy gehad het, hoe meer wou hy hê. Wat skatte in die hemel aan betref, waar geen mot of roes dit kan verniel nie (Matt. 6:19 en 20), was Jakob egter die rykste. Nie net was hy tevrede met wat hy het nie, maar hy was ook bereid om te gee van dit wat hy besit. Verder was hy bereid om homself te verneder deur na Esau te gaan met ‘n versoeningsoffer. Onthou: Die ruil van Esau se eersgeboortereg vir ‘n pot lensiesop was ‘n wettige transaksie; die oneerlikheid was die wyse wat hulle Isak mislei het! Jakob was die vredemaker wat YHVH se vergifnis en seën van broederliefde wou ontvang.

*‘n Bedevaartslied. Van Dawid. Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saamwoon! Dit is soos die kosbare olie op die hoof, wat afloop op die baard, die baard van Aäron, wat afloop op die soom van sy klere. Dit is soos die dou van Hermon wat neerdaal op die berge van Sion; want daar gebied YHVH die seën, die lewe tot in ewigheid!* Ps. 133:1 tot 3

‘n Gesindheid om altyd meer te wil hê veroorsaak frustrasie, angs en onvrede. Tevredenheid met wat jy het skep die atmosfeer vir ware vrede, naamlik shalom.

*Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.* Heb. 13:5.

**Bespreek of Bepeins**

1. Is jy ryk omrede jy tevrede is met wat jy het of is jy arm terwyl jy baie materiële besittings het. Elkeen het hierdie keuse! Het jy ‘n Esau- of Jakob-gesindheid? Wie is die een wat ware rykdom het? Dit is hy wat teverede is met wat hy het! Indien jy fokus op dit wat jy het, sal jy gelukkig en tevrede wees.

2. Beteken dit jy moet nooit ywer vir meer nie? Nee, dit beteken indien jy jou bewywer vir meer en dit nie vermag nie, moet jy tevrede wees met wat jy het en aanvaar dat Vader-God beter weet wat jy nodig het en wat vir jou goed is.

3. *Joy is the simplest form of showing gratitude* – Anonymous

4. *Happiness will never come to those who fail to appreciate what they already have* – Anonymous

*5. The hardest arithmetic to master is that which enables us to count our blessings* – Eric Hoffer

# Midrash Haftorah
# (Haftorah Bespreking)

## Hos. 11:7 tot 12:12 – Die Verlange van 'n Vaderhart

Indien ons die profeet Hosea met hedendaagse profete vergelyk is daar een baie belangrike uitstaande verskil. Hosea se boodskap was een van vermaning van die huis van Efriam om terug te keer tot gehoorsaamheid aan YHVH se Torah (die wet), terwyl hedendaagse profete die huis van Efraim (verwysend na die Christendom wat daarby ingelyf is) se Torahloosheid (wetteloosheid) goed praat! Hosea se kernboodskap is juis een van tugtiging vir Israel se minagting van YHVH se liefdevolle onderrig en instruksies (Sy Torah)! Hedendaagse profete beloof voorspoed vir die wat sê dat hulle vry van YHVH se Torah (die wet) is.

Die openingswoorde van hierdie week se Haftorah is dan ook die volgende:

*My volk is geneig om van My af weg te draai. Alhoewel hulle sal roep tot God, soek hulle raad onder mekaar en sal niemand Hom oplig nie.* Hos. 11:7 – PWL Vertaling.

Dit sluit aan by die woorde van Hosea in vers 2

*Net soos hulle geroep is, het hulle van My af weggegaan; hulle het aangehou om tot die Ba'als te offer en tot afgode wierook te brand* (PWL Vertaling).

Hierdie geestelike verval van Israel word ook deur die profeet Jeremia soos volg beskryf:

*Van die dag af dat julle vaders uit Egipteland uitgetrek het tot vandag toe het Ek na julle al my knegte, die profete, gestuur, daagliks, vroeg en laat; maar hulle het na My nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hul nek verhard; hulle het dit erger gemaak as hul vaders.* Jer. 7:25 en 26.

Hosea se aanklag teen Efraim is ook dat hulle YHVH omring met leuens en misleiding (Hos. 12:1) en dat hulle hul met wind besig hou (Hos. 12:2). Efraim het die oproep van die profete om tot God terug te keer geminag (Hos. 12:7) deur hulself te regverdig met die woorde:

*Ek het sekerlik ryk geword, ek het rykdom vir myself gevind; in al my arbeid sal hulle geen onregverdigheid in my vind, wat sonde sou wees nie.* Hos. 12:9 – PWL Vertaling

Efraim van ouds het hulle eie geregtigheid opgerig en het nie meer YHVH se geregtigheid geken of gesoek nie! Hulle rykdom en voorspoed is die susmiddel wat hulle oortuig dat hulle sonder sonde is en dus geregverdig!

Ten spyte van Efraim se veelvoudige oortredinge bring Hosea die woorde van 'n Vaderhart wat verlang dat Sy verlore seun moet terugkeer. YHVH herinner Israel daaraan dat Hy hulle liefhet en daarom hulle van die Egiptiese slawejuk verlos het (Hos. 7:1). Hy het hulle in Sy arms geneem en leer loop (Hos. 7:3). Met koorde van liefde het Hy hulle gelei en het Hy neergebuig om hulle te voed (Hos. 7:4).

Die verlange van Vader-God dat Efraim moet terugkeer tot Sy huishouding van gehoorsaamheid aan Torah word deur die woorde van Hosea soos volg opgesom:

*Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel? Hoe kan Ek jou maak soos Adma, jou gelykstel met Seboïm: my hart is omgekeer in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek. Ek sal my toorngloed nie laat geld nie, Ek sal Efraim nie weer te gronde rig nie; want Ek is God en nie 'n mens nie, die Heilige in jou midde. En Ek sal nie kom in grimmigheid nie.* Hos. 11:8 en 9.

Hosea profeteer van die dag wat Efraim sal terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid – die terugkeer van die verlore seun!

*Hulle sal agter* יהוה *aan loop; Hy sal brul soos 'n leeu; inderdaad sal Hy brul en Sy seuns sal bewend van die Weste af kom. Hulle sal soos voëls bewend vanaf Egipte kom en soos duiwe uit die land van Ashur en Ek sal hulle plaas in hulle huise, verklaar* יהוה. Hos. 11:10 en 11 – PWL Vertaling.

**Bepeins of Bespreek**

1. Is die Messiaanse Beweging (Ontwaking) profesie wat besig is om in vervulling te gaan? Is die Christene wat met die huis van Efraim identifiseer diegene wat bewend van die Weste af kom en terugkeer tot geloof in Yeshua as die Lam van God en tot gehoorsaamheid aan Torah? Verwys die *Weste* na Westerlinge en verwys Egipte en Ashur (Assirië) na Oosterlinge? Is die tien 'verlore stamme' besig om terug te keer – sommige tot Torah-gehoorsaamheid en ander (die biologiese nageslag van Abraham) na hulle land van herkoms? Is hierdie bevestiging dat die einde van dae op hande is?

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is* (Hand. 17:11).

Shabbat shalom.
Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*